DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	**RING VAN CRADOCK**	**Prop Riana Erasmus**
POSADRES		**Posbus 132, CRADOCK 5880**
E-POS		**riana@lightmail.co.za**
FAKSNOMMER		**048-8813457**
TEL. WERK		**048-8813457**
TEL. HUIS		**NVT**
SEL.		**082 629 5648**

(GETEKEN) R ERASMUS	**30.09.2009**
(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER)	**(DATUM)**

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Kerke verloor algaande hul jeug. Jong mense vra toenemend of God nog bestaan en of Hy enigsins 'n praktiese verskil in die lewens van mense maak. Aan die Kerk het die Here egter die Evangelie toevertrou om dit deur die verskillende bedieningsmodi só te verkondig en te onderrig dat dit tot geloofsrealisering en geloofsvolwassenheid lei. Die vraag is toenemend hoe laat ons God se heil in Christus intensief en sistematies aan 'n postmoderne jong geslag ontvou?

Geloofsoordrag het natuurlik te make met 'n God-mens ontmoeting waarin die mens God leer ken, maar ook homself / haarself leer ken. Dit beteken dat ons ons jeug teologies, psigologies en pneumatologies sal moet begin verstaan.

Die gemeentes in die Ring van Cradock het 'n behoefte aan 'n werkswinkel waarby leraars, jeugwerkers, jeugbedienaars en 'n jeugspan betrek word om bogenoemde vraagstuk te begin aanspreek. Twee jaar gelede het die Ring die Sinode van Oos-Kaapland versoek om deur middel van sy Netwerk vir Navorsing oor die bediening aan die moderne jongmens te besin – hierdie werkswinkel is 'n poging om stukrag aan daardie proses te gee.

[Die moontlikheid dat hierdie behoefte kan lei tot 'n VBO-geleentheid behoort ook deur die Sinodale Kommissie oorweeg te word]

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Die gedagte is dat daar in gesprek getree word met ’n jeuggroep, jeugwerkers en predikante van die Cradock-ring - maar moontlik ook vanuit die Oos-Kaapse sinodale gebied - om saam oor die Kerk se jeugbediening te besin.

Vir ’n werkswinkel word daar dan verder gekyk na sprekers met kundigheid aangaande die effektiewe kommunikasie van die Evangelie binne die verskillende bedieningsmodi. Die uitdaging is om:

- **te kyk na die universele beginsels wat onderrig en leer beheers**
- **jongmense binne ’n teologies- en psigologies-antropologiese perspektief te verstaan**
- **effektiewe kommunikasie van die Evangelie aan ’n geslag met ‘n postmoderne denkraam te ondersoek**

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Beplanning	**Sept 2009 - Feb 2010**
Werkswinkel	**Tussen Mrt en Aug 2010**
Verdere praktiese voortvloei en terugvoer vanuit jeugbedienings	**Daarna**

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Reëlingspan	**Cradock-ring se leraars en jeugwerkers**
Projekspan	**Leraars en jeugwerkers van die Oos-Kaap sinodale gebied**

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Lokaal vir aanbied van werkswinkel	
Vervoer van sprekers	
Verblyf van sprekers en kursusgangers	
Verversings aan sprekers en kursusgangers	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Die Cradock-gemeentes se kerkkantore kan help met die administrasie rondom bemarking, die daarstel van kursusmateriaal en ander.	**2010**

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
Beplannings-, administratiewe-, spreker-, reis- en verblyfkostes	**R10 000**

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
1 Maart 2010	**R 10,000**

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

R 10,000 elektroniese oorbetaling aan Ringsfonds Ring van Cradock (Ds Japie Taljaard – ringskriba – NG Kerk Colesberg)

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD: